

HOOFSTUK III.ANALISE VAN DIE HOUDINGSBEGRIIP.A. Persoonlikheid en houdings.

By die beoordeling van die persoonlikheid van die mens het ons in hoofsaak te doen met twee gesigspunte nl. die morele en die funksionele. „Deze twee samen bepalen voornamelijk de houding van de mens, vanuit elk van de twee moet de mens gezien worden.“¹⁾

Die morele gesigspunt bepaal hoe die mens teenoor God, sy naaste en homself staan. Hierdie moreel-etiese en religieuse waarderigting is „de overheersende factoren“ van die persoonlikheid.

Die psigologies-funksionele gesigspunt het te doen met vyf groothede nl. gewaarwording, mneme, verbinding, gevoel en wil.²⁾ Talle verskillende variasies van die vyf aspekte van die psigologies-funksionele gesigspunt kom in die praktyk voor. Dit is die psigologies-funksionele uitgangspunt wat aanleiding daartoe gee dat soveel verskillende soorte indelings van die mens se „temperament“ of „karakter“ of „persoonlikheid“ gemaak is. Die mens is geen som totaal van hierdie verskillende aspekte nie, maar 'n organiese geheel waarin geen enkele kwaliteit toevallig is nie. Die mens bly ook nie onveranderd deur sy hele lewe nie. Lewensomstandighede laat hul spore na en verskuiwings en funksionele veranderings kom gedurig voor.

Terwyl die persoonlikheid van die mens gesien word as die mens in 'n georganiseerde geheel, word kortliks daarop gewys dat die aard van die persoonlikheid 'n baie sterk faktor is om die houdings by die mens te be-

1) Kuypers A.: Inleiding in de Zielkunde, 272.

2) Ibid., 272.

paal wat aanleiding tot kenmerkende gedragswyses gee.

Dit is veral op die terrein van die psigologies-funksionele wat daar so 'n verskeidenheid beskouings die lig gesien het. Met sy geestespsigologie betree Spranger die terrein van die morele. Hy stel die ses lewenswaardes in ooreenstemming waarmee 'n mens dan die verskillende tipes mense kry. So word daar die teoretiese, ekonomiese, estetiese, sosiale, mags-, en religieuse mense aangetref. Die rangorde van die waardes wat die mens huldig, sal homself bepaal. Volgens Spranger sal die mens by wie die teoretiese houding die swaarste weeg, s^u gevoelslewe op die agtergrond dring. Al sy aandag word gerig op die objektiewe, die saaklike en feitlike gegewens. Hy is onhandig m.b.t. die praktiese en het ook 'n mate van minagting vir die handelende mense wat dinge doen ter wille van die geldelike of praktiese waarde.

Ook die mens by wie ander waardes swaarder weeg, ervaar 'n bepaalde instelling tot sekere houdings en handelwyses. Die ekonomiese mens is gerig op die praktiese en konkrete waardes. Selfs die wetenskap, kuns en religie kan slegs gemotiveer word wanneer daar praktiese nut aan verbonde is. Daardeur loop hy dus gevaar tot lewensvervlakking en materialisme. Die twee voorbeelde is genoeg om aan te toon dat die rangorde van waardes 'n geestesinstelling daarstel wat die mens tot sekere soorte handelinge voorberei.

Professor Heymans verdeel die persoonlikheidstipes in emosionaliteit, aktiwiteit en sekondêre funksies. Die emosionele mens is impulsief en word maklik meege-sleep deur stemminge en ontroeringe. Die gevolg is dat hy sy ontroeringe maklik in daad kristalliseer. Die emosionele houding bring mee dat die mens „onder de indruk van een emotie handelt.“¹⁾ So dwing die ander tipes die

1) Kuypers A.: Inleiding in de Zielkunde, 265.

mens ook tot ander soorte handelinge.

Jung onderskei in sy tipologie twee persoonlikheidstipes nl. die introvert en die ekstrovert. Die onbewuste van die mens is altyd die kompliment of teenstelling van die bewuste. Die introvert verskans hom teen die buitewêreld en gee voor dat hy niks met die buitewêreld te doen het nie. Ten spyte daarvan soek hy na applous en voel gou dat hy verontagsaam word. Dit is omdat sy onbewuste die bewuste kompenseer. Volgens hom is daar vier kenmerkende funksies van die siel waarvan twee rasioneel en twee irrasioneel aangedui kan word. Die rasionele is verstand en gevoel en die irrasionele gewaarwording en intuïsie. Die introvert en die ekstrovert kan albei byvoorbeeld gevoelstipe wees, maar ten spyte van die ooreenkoms lewe elk sy lewe geheel anders uit. So sal die mens met 'n ekstroverte intuïtiewe lewenshouding byvoorbeeld die mense en dinge buite hom intuïtief benader en begryp. Hy besit tot 'n groter mate die gawe van aanvoeling waardeer hy hom indink in die lewe van 'n ander. Hierdie persoonlikheidsbeskrywing dui aan dat 'n bepaalde persoonlikheidstipe 'n neiging tot sekere soort handeling toon.

Die psigiater Kahn beskryf persoonlikheidstipes onder die benaming biologies-mediese karakterkunde. Hy onderskei vyftien verskillende persoonlikheidstipes op grond van sy praktiese mensekennis en kliniese psigiatrie. Een van hierdie tipes is die senuweeagtige mens. Hierdie senuweeagtige instelling laat houdings ontstaan wat handelinge en gedragswyse tot gevolg het, waaraan hierdie tipe juis gekenmerk word.

Kretschmer en Hoffman het 'n intensiewe studie van die oorerflikheid van liggaamsbou en temperament gemaak. Hulle vind op wetenskaplike wyse 'n ooreenkoms tussen 'n bepaalde liggaamsbou en 'n bepaalde temperament.

Hy onderskei drie tipes mense volgens liggaamsbou nl. die leptosome, atletikers en pyknikers. Verder onderskei hy twee temperamentstipes nl. die schizotime en cyclotime temperament. Die liggaam en konstitusie vorm volgens hom die basis van temperamentstipes. Hy vind die cyclotimes onder die pyknikers. Dit wil sê dat die mense met breë gesig op massiewe hals en ronde skouers en heelwat vet om die maag, heupe en kuite dikwels goedhartig, vriendelik en gemoedelik is. Dit is 'n instelling wat 'n neiging tot 'n bepaalde gedragshouding toon.

Sheldon het fyner onderverdelings van Kretschmer se temperamentstipes gemaak. Berman het weer navore gekom met die endocrinologie. Hiervolgens word die mens se persoonlikheid deur die afskeidings van kliere in die bloedstroom gereël.

Om die persoonlikheid van die mens te bepaal, is die kennis van twee wetenskapsgebiede nodig nl. die van die wysgerige antropologie en die karakterologie. Die naturaliste sê daar is geen vryheid nie. Die mens is die produk van natuurlike prosesse. Vir die idealis lê alles wat die mens wesenlik kenmerk in die gees veranker. Die gees is vry en skep en bepaal die karakter.

Die verskillende beskrywings van die persoonlikheid laat die klem val op die gees of op die psige of op die somatiese. Selfs ook wanneer die mens as funksionele totaliteit gesien word, is daar bepaalde gedragswyses wat tipes persoonlikhede kenmerk. Ook by die fenomenologiese benadering gaan die persoonlikheid tipiese gedragshoudings te voorskyn roep. Oberholzer beskryf dit soos volg: „Kragtens ons persoonwees is elke keuse 'n antwoord op die appél, die wekroep ... die aangesprokenheid deur die situasie. Dit is die antwoord via die situasie uit die kern van iemand se persoonwees wat sy

persoonlikheid uitmaak."¹⁾

Uit al die verskillende beskrywings van die persoonlikheid spreek een saak baie duidelik, nl. dat, ongeag die benadering, elke tipiese persoonlikheid 'n kenmerkende houding toon wat daarmee saamgaan.

B. Invloed van houdings op die gedrag.

Die sielkunde kan tans beskou word as 'n wetenskaplike studie van die gedrag van die mens. Hierdie 'gedragapsychologie' is nie dieselfde as die Amerikaanse 'behaviorisme' nie.²⁾ So is dit 'n gedragapsigologie in teenstelling met die ouer bewussynpsigologie. Onder hierdie aktiwiteite word al die handeling van die mens saamgevat. Die uiterlik-waarneembare handeling, sowel as daardie geestelike aktiwiteite wat die liggaam nie in beweging bring, sodat dit deur 'n toeskouer waargeneem kan word nie. Daarom sê Stagner en Karwosky psychology (is) the study of human behavior and experience."³⁾ Die mens se gedrag maak so 'n groot deel van die studieveld uit, want in werklikheid is dit deur die gedrag wat selfs ook die subjektiewe ervarings uiterlik waarneembaar is. Die 'experience' omsluit dus ook al die subjektiewe geestelike ervarings. Daarom sê die skrywers: "psychology is concerned with the whole man."⁴⁾

Die sielkunde stel nie soseer in die handeling van 'n mens belang nie, as in die motivering van die handeling. Die motivering kan nie anders bestudeer word as deur die waarneembare handeling nie.

1) Oberholzer C.K.: Moderne persoonsvisies, 54.

2) Van Parreren C.F.: "Bewustzijn en gedrag." Inleiding in de psychologie. M.J. Langeveld, 3.

3) Stagner R. & Karwosky T.F.: Psychology, 20.

4) Ibid., 20.

"... We ... infer that mental processes take place, and that people think and feel, but ... we are limited to the observation of behavior."¹⁾ Die gedrag van die mens kom dus sterk onder die soeklig, maar soos reeds gestel, gewoonlik as 'n middel tot 'n doel. Wanneer die motiewe agter die handeling van 'n mens bekend is, moet dit moontlik wees om die gedrag te kan voorspel. As hierdie uitgangspunt ingeneem word nl. dat die gedrag voorspel kan word, moet die 'self' van die individu wie se gedrag voorspel moet word, deeglik in aanmerking geneem word.

"Behavior is always determined by the situation as this person perceives it, not by the 'objectively real' situation."²⁾ 'n Feit is werklik en reëel slegs vir die mens wat dit as reëel waarneem. Die gedrag word deur die waargenome werklikheid bepaal en nie deur die fisiese werklikheid nie.

In die studie van die mens se gedrag kan nooit besondere waarde geheg word aan die gedrag van 'n enkele individu in een situasie nie. Daar moet soveel gevalle bestudeer word, dat veralgemenings gemaak kan word en 'n algemene gedragspatroon daaruit bepaal kan word. By die studie van mense is dit nodig om te onthou dat individuele verskille tussen groepe en tussen lede binne 'n groep noodwendig voorkom. Uit die studie van baie individuele gevalle word ooreenkomste in die gedragswyses waargeneem. Hiervan word gepraat as 'n gedragspatroon. "A behavior pattern is a characteristic way of reacting ... the way an individual carries over into action what he has been learning."³⁾ Die gedragspatroon kan dus gevorm word deur dit wat geleer word en kan weer gewysig word deur die aanleer van nuwe dinge.

1) Morgan C.T.: Introduction to psychology, 3.

2) Stagner & Karwosky: Psychology, 19.

3) Burton W.H.: The guidance of learning activities, 97.

Die gedrag van die mens is altyd 'n doelgerigte aktiwiteit. As 'n man agt uur lank werk, gaan eet en 'n uur gaan tennis speel en daarna saam met 'n dame gaan stap, is elke handeling doelgerig. Na die verrigting van sy dagtaak, wat 'n ekonomiese drang of hoër motief soos diens mag hê, kan dit die voedingsdrang, ontspanningsdrang en die seksdrang wees wat die man tot die handelinge geaktiveer het.

In die Amerikaanse sosiale psigologie het die begrip „attitude” ontwikkel wat hier vertaal word met die woord houding. Die sosiale psigologie is die wetenskap van die individu in sy sosio-kulturele situasie. Dit gaan om die mens in sy verhoudings en om die menslike verhouding as sodanig. Van oorwegende belang is daardie houdingstudies wat die verband ondersoek tussen vroeëre of momentele situasies of faktore en houdings bv. die manier waarop ouers hulle gesag uitoefen en die latere houding van die opgroeiende individu teenoor die gesag van die owerheid. Hierdie houdings behoort tot die komponente van die psigiese struktuur wat aandui op welke wyse die individu hom in sekere situasies sal gedra. Die gedrag van die mens is dus die gevolg van 'n bepaalde houding, veral in die sosiale samelewing.

Om sosiaal-psigologiese studies te kan verstaan, is dit noodsaaklik om die wysgerige antropologie van die beoefenaar van dié wetenskap te ken. Hier word die aandag gevestig op drie van die vernaamste benaderingswyses van die sosiaal-psigologiese problematiek:

1) Die psigoanalitiese rigting.

Die sosiale gedrag van die mens kan net verstaan word teen die agtergrond van die persoonlike lewensgeskiedenis. Die houdings, oortuigings, handelinge e.d.m. word gesien as uitdrukkings van diep verankerde tendense, strewinge, wense en impulse wat ontstaan het uit die eerste

ervarings van die individu met die gesin. Die sosiaal-psigoloë wat hulle op hierdie standpunt stel, probeer om tipiese gesinsituasies op te spoor wat aanleiding gee tot sulke houdings soos rassevooroordeel, politieke en ekonomiese gesindheid en godsdienstige houding.

2) Die situasieïstiese rigting.

Hierdie rigting bestry sowel die psigo-analitiese leerstelling met sy fiksering van die karakter uit die vroeë kinderjare, asook die behaviorisme wat sy klem laat val op die langsame akkumulasie van gewoontes. Die situasieïstiese rigting verkondig die stelling dat die mens se gedrag begryp moet word uit die momentele gesitueerdheid van die individu. By die studie van die situasie moet die interne persoonlikheidsstruktuur wat op die situasie antwoord gegee het, bestudeer word. In elke posisie, verhouding of situasie word van die mens 'n bepaalde gedrag verwag. In die beantwoording aan die verwagtings, lê die sosiale rol wat die individu speel. Hierdie situasieïstiese sosiale psigoloog maak net soos die psigo-analitiese georiënteerde gebruik van houdingsnavorsing, maar hulle ondersoek die houdings met betrekking tot die momentele situasie en nie in verband met die vroeëre ervarings van die persoon nie.

3) Die „veldteoretiese“ rigting van die Amerikaanse sosiale psigologie soos dit ontwikkel is deur Kurt Lewin.

Volgens die teorie word geleer dat die gedrag van voorwerpe bepaal word deur hul eienskappe, sowel as deur die struktuur van die veld waarvan hulle 'n deel uitmaak. Hierdie benadering bepleit 'n sistematiese studie van psigologiese probleme en staan reëlreg teenoor die „Class-theory“ waaronder die drif- en instinkpsigologie val. Alle gedragssuitinge van die mens word aan die gang gesit deur kragte wat ontspring in die psigologiese veld.

Die menslike gedrag kan nie begryp word uit die natuur of aard van die individue nie, maar slegs in verband met die situasie waarin die gedrag afspeel. Onderzoek op die gebied word gekenmerk deur 'n gemengde vorm van die natuurlike en gekontroleerde eksperiment in die sosiale realiteit. Dit gaan hier om die houding van die individu wat sy gedrag in 'n besondere situasie bepaal.¹⁾

Die hele sosiale psigologie word o.a. deur Thomas en Znaniecki as 'n bestudering van houdings beskryf. Die volgende voorbeeld illustreer die verband tussen houding en gedrag. As 'n bepaalde individu 'n vyandige houding teenoor 'n sekere groep het, bring dit die volgende mee: ten eerste vorm hy 'n skewe beeld van die groep en onthou uitsluitlik die ongunstige berigte en onaangename ervarings wat hy met lede van die groep gehad het. Ten tweede sal hy geneig wees om hom neerhalend teenoor die groep uit te laat. Ten derde sal hy bereid wees om handelend teen die groep op te tree.

Die Europese denkers wil geensins die groot betekenis van houdings as gedragsbepalend ontken nie. Hulle beweer egter dat die sentrale posisie van „houdings” in die sosiale psigologie te danke is aan sy bruikbaarheid vir die eksakte ondersoek. Dit bekleed nie die sentrale posisie op grond van wetenskaplike beredenering nie.²⁾

In hierdie proëfskrif word 'n poging aangewend tot die wetenskaplike beredenering van die term houding en aanwending van die begrip natuurwetenskaplike houding in eksakte ondersoek. Die natuurwetenskaplike houding van standaard X-leerlinge gaan tydens hierdie ondersoek gemeet word.

1) Oldendorff A.: „Sosiale Psigologie.” Inleiding in de Psychologie, deur M.J. Langeveld, 296.

2) Idem.

C. Omskrywing van houdings.(1) Ontstaan van die term houding.

Dit is nodig om geestelike disposisies of neigings met 'n tiperende naam te kan aandui. Die ervarings van gister kan weer belewe word wanneer iets gebeur wat mens daaraan herinner. Hierdie reproduksie is nie 'n blote geheuehandeling nie, maar 'n werklike belewing. Dit kan net so 'n intense gevoelsbelewing wees as die ervaring self. 'n Disposisie of gesteldheid veronderstel dat 'n besondere geesteshandeling weer op dieselfde wyse beleef kan word.

By die belewing van emosies word ook verwys na disposisies. Wanneer gesê word dat iemand kwaad is, word verwys na die ervaring van 'n besondere emosie met 'n gevoelskwaliteit en die meegaande fisiese handeling. Wanneer gesê word dat een man 'n ander haat, word nie na 'n besondere ervaring verwys nie, maar na 'n redelike bestendige disposisie. Hiervolgens sal A wat vir B haat, 'n besondere reeks emosies in B se teenwoordigheid ervaar, al dink hy op die oomblik nie aan hom nie. A mag 'n gevoel van afkeer in B se teenwoordigheid ervaar, vreugde oor sy teenspoed en woede oor sy sukses. Die gesteldheid om sulke emosies te ervaar word haat genoem.

Hierdie disposisie van haat, liefde, woede, vrees e.a. gevoelens is die eerste keer deur Shand¹⁾ sentimente genoem. Die benaming is deur McDougall en die meeste ander psigoloë in Engeland aanvaar. So het McDougall 'n sentiment beskryf as „an organised system of emotional dispositions centred round the idea of some object.“²⁾

1) Shand A.F.: The foundations of character.

2) Thouless R.H.: General and social psychology, 160.

Die mens is nie noodwendig deurgaans van sy sentimente bewus nie, maar „by geleentheid openbaar 'n sentiment hom in die vorm van een of ander akute belangstelling.“¹⁾ So kan die mag van sosiale goedkeuring of sosiale afkeer die neiging van afkeer in vreemdelinge tot haat lei ten opsigte van 'n sekere groep mense. Oorlogspropaganda kan 'n individu so opstook, dat die vyandige nasies gehaat word. Die sentiment is nie aangebore emosionele disposisies nie, maar hulle ontwikkel uit die sosiale samelewing se wisselwerking op die individu. Dwarsdeur die tyd wat die sentiment bestaan, ondergaan dit voortdurend ontwikkeling en reorganisasie. 'n Besondere sentiment vereis 'n bepaalde gedragsspatroon. As 'n mens hom so gedra soos die sentiment vereis, word die sentiment versterk. Wanneer die gedrag die sentiment egter onderdruk, verswak dit. Die sentiment bepaal die gedrag dus in 'n groot mate. Die intellek van die mens stel hom egter in staat om vooruit te oordeel of dit vir hom voordelig sal wees, al dan nie, om te handel soos die sentimente vereis.

Die woord sentiment word algemeen deur Engelse psigoloë Shand, McDougall en andere gebruik om die disposisies van haat, liefde e.d.m. te beskryf. In Amerika word ander omskrywings gebruik. „... the term attitude, originally introduced by American psychologists for this purpose, has now become at least as generally accepted as sentiment. The word 'attitude' has sometimes been used in a sense indistinguishable from that of sentiment.“²⁾

In die aanwending van die woord houding om sekere disposisies te beskryf, word dit sinoniem met sentiment gebruik. Hierdie konnotasie is beperk, daar dit slegs op emosionele disposisies dui. Voor daardie tyd en daarna word 'n wyer betekenis daaraan geheg. In die eksperimentele

1) Poggenpoel G.P.: Inleiding tot die Sielkunde, 63.

2) Thouless R.H.: General and social psychology, 163.

sielkunde bestaan daar al lank reeds 'n toestand, wat totaal verskil van die emosionele disposisie of sentiment, wat beskryf word met houding. Die toestand van gereedheid waarin 'n proefpersoon verkeer om vinnig te reageer op 'n prikkel, word beskryf as „mental set or attitude.“¹⁾

Aan hierdie twee aanvanklike betekenisse word 'n wyer betekenisbegrip aan die woord houding gekoppel. Dit is hierdie wyer betekenis wat later ontleed word.

(2) Betekenis van houding.

Die persoonlikheid help om die houding te bepaal en die houding rig weer die gedrag van die mens. Die persoonlikheid word in sy ontwikkelingsproses weer tot 'n groot mate deur sy houdings bepaal, d.w.s. die houdings wat hy teenoor ander mense in sy sosiale gemeenskap deur gedrag openbaar. Vroeër het psigoloë die woord houding allleenlik gebruik t.o.v. emosionele betekenis, soos die Engelse sielkundiges sentiment gebruik vir die emosionele disposisie, haat of liefde. Talle psigoloë beskou houdings as eenhede, waarin die verskeie aspekte van die wêreld om die mens, deur hom waardeur word. Hierdeur kom hy tot gereedheid om te handel en so word sy gedrag in terme van sy houdings bepaal.

Dit is die houdings wat 'n mens inneem ten opsigte van die mense en dinge om hom heen, wat sy persoonlikheid ontwikkel. Hier is eiebelang voortdurend op die voorgrond. „All attitudes have as referent the person.“²⁾ Die sosiale psigoloë stem hiermee saam en beklemtoon die opvatting. „Man's action therefore, are always an expression of his self-interest.“³⁾

1) Thouless R.H.: General and social psychology, 163.

2) Dewey R. and Mumber W.J.: The development of human behavior, 207.

3) Katz D. and Schanck R.L.: Social psychology, 28.

In die ontwikkeling van die betekenis van houdings is die werk van William Albigh¹⁾ van die Universiteit van Illinois van belang. Hy het die literatuur deurgewerk en die volgende definisies van houdings versamel:

(a) L.L. Bernard: „It is the set of the organism toward the object or situation to which an adjustment is called for. When the adjustment is made the attitude disappears, except insofar as it is retained in memory or in the habitual set of the organism.”

(b) Thomas en Znaniecki: „By attitude we understand a process of individual consciousness which determines real or possible activity of the individual counterpart of the social value activity in whatever form is the bond between them.”

(c) Faris: „An attitude is a tendency to act. The term designates a certain proclivity or bent, a bias or predisposition, an aptitude or inclination to a certain type of activity.”

(d) Sherif en Cantril: „Attitude whatever else it may be, denotes a functional state of readiness which determines the organism to react in a characteristic way to a certain stimulus or stimulus situation.”

(e) Krech en Crutchfield: „An attitude is an enduring organization of motivational, emotional, perceptual and cognitive processes with respect to some aspect of the individual's world.”

(f) Allport G.W.: „An attitude is a mental and neural state of readiness, organized through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's response to all objects and situations with which it is related.”

1) Albigh W.: Modern public opinion, 152-153.

Burton¹⁾ gee die volgende omskrywing van 'n houding in terme van leeraktiwiteite: „An attitude is a relatively constant tendency to act in certain directions and in accord with certain mental patterns. Attitudes may be primarily intellectual (based on knowledge and understanding) or emotional (based on appreciation). Attitudes are sometimes called mind sets, patterns of conduct and so forth.“

Leo Kanner beskryf 'n houding in sy „Child Psychiatry“ ook soos volg: „An attitude ... is a certain readiness to perform in the particular manner in which he does perform.“²⁾

Sherif se definisie lui soos volg: „Attitudes denote those (states of readiness) which are learned (formed) in relation to definite stimuli (objects, persons, situations, values or norms) and which are more or less lasting.“³⁾

Remmers en Gage gee die volgende opsomming van 'n houding: „An attitude may be defined as an emotionalized tendency, organized through experience to react positively or negatively toward a psychological object.“⁴⁾

R.G. Kuhlen gee die volgende definisie: „An attitude may be defined as a relatively enduring, but modifiable tendency or readiness on the part of a person to behave in particular ways toward some object person or issue.“⁵⁾

Hierdie definisies word almal verskillend bewoord. Sommige, soos die van Remmers en Gage, maak slegs melding van 'n „emotionalized tendency“. 'n Houding is dus vir hulle slegs 'n emosionele toestand van gereedheid, want die handeling wat volg, is slegs vir of teen. By baie outoriteite (soos aangehaal) sluit die toestand van ge-

1) Burton W.: The guidance of learning activities, 98.

2) Kanner L.: Child psychiatry, 114.

3) Sherif M.: An outline of social psychology, 207

4) Remmers H. H and Gage N.L.: Educational measurement and evaluation, 362.

5) Kuhlen R.G.: The psychology of adolescent development, 400

reedheid meer in as net die emosionele oorweging. Dit is hierdie breër beskouing wat aanvaar word. Al die definisies dui op 'n "state of readiness" en "tendency to act". Deur die aanwesigheid van 'n houding word die individu dus in 'n toestand van gereedheid gebring om op 'n besondere manier te handel. Sosiale psigoloë stel meer belang in die aspek van houdings wat sosiale verwantskappe van die mens bepaal. In die wyer bepaling is die vernaamste funksie van die term 'n aanduiding van die verhouding tussen die individu en sy omgewing. Hierdie verhouding is die intellek-gevoels-aspek van die persoonlikheid en daardie aspekte van die omgewing wat buite die intellek-gevoelsprosesse lê.

Uit hierdie beskouings word houding nou geformuleer. Die definisie sal dwarsdeur hierdie proefskrif gebruik word. 'n Houding is die aangeleerde, redelik bestendige toestand van gereedheid van die gevoels- en verstandspesesse, wat 'n neiging toon tot gerigte handeling teenoor alle prikkels (hetsy mense, voorwerpe, situasies of waardes).

In die V.S.A. word tans groot pogings aangewend om 'n volledige "leerteorie" uit te bou. Die behavioriste het gegryp na die begrip van die 'refleks', maar die meganiese reëlmatigheid daarvan was juis die eienskap waarteen die meeste sielkundiges gebots het. Sielkundige studie hou hom juis besig met die veranderinge wat in die mens se gedrag voorkom.

I.P. Pavlov het in 1927 in Rusland navorsing gedoen in verband met spysverteringsreflekse by honde. Die gevolg hiervan was dat gedrag wysigbaar is in terme van reflekse of, soos dit deur hom genoem word, kondisionering.

Die ander teorie wat 'n verklaring probeer gee het van gedragsveranderinge, was E.L. Thorndike se "gewoonte"-teorie wat hy reeds in 1898 gestel het. Volgens hom het lewende wesens drange soos dors, honger e.d.m. Die reaksie op die drang het miskien nie die gewenste effek nie, daarom

beskik lewende organismes oor die vermoë om 'n ander reaksie wat meer effektief sal wees, uit te voer.

Albei hierdie teorieë is gebaseer op Darwin se evolusieleer. Oënskynlik is hierdie twee teorieë saam in staat om gedrag te verklaar. By kondisionering word dieselfde reaksie verkry deur verskillende prikkels. Volgens Thorndike se gedragsvorming kan dieselfde prikkel verskillende reaksies te weegbring.

Om 'n volledige verklaring van gedrag te kan gee, is verskeie teorieë o.a. die „two-factor learning theory“ deur O.H. Mowrer¹⁾ ontwikkel. Onder druk van veel kritiek het hy hierdie teorie verder ontwikkel. Die teorie is 'n poging om die behavioristiese reflekteorieë (van Pavlov en Thorndike) en die intellektuele („mentalistic“) kentorieë in een skeppende sintese saam te stel. „Two-factor learning theory does not, of course, exclude the notion of cognition, perception, knowledge; it simply makes these intellectual phenomena part and parcel of a more inclusive type of reaction, which importantly involves emotional- and therefore motivational-factors.“²⁾

Hierdie teorie probeer om 'n volledige verklaring van die gedrag van die mens te gee. Houdings is 'n belangrike bestanddeel van die gedrag van 'n mens. Houdings en hierdie „two-factor learning theory“ wys albei op die gedrag van die mens. Dit is dus nodig dat 'n onderlinge verband of ooreenkoms tussen hierdie twee gesien moet word. Dewey en Humber sien die verband en brei as gevolg daarvan die begrip in verband met 'houding' verder uit, deur in ooreenstemming met die 'leerteorie', houdings te verdeel in emosionele houdings en intellektuele houdings.

1) Mowrer O.H.: Learning theory and behavior, 19.

2) Ibid., 323.

"Reasoned changes which have been suggested in learning theory make it desirable to distinguish between two forms of attitudes, the first designated as emotional attitudes and the second ... intellectual attitudes."¹⁾

Houdings is dus die toestand van gereedheid tot gerigte handeling. Dit kan faktore van emosionele of intellektuele oorsprong wees wat die oortuigings gebring het waardeur die mens tot gereedheid gekom het. Dit is dan ook moontlik om houdings te kry wat deur die emosies sowel as deur die intellek gereed gemaak is. Dan sal gepraat word van emosioneel versterkte intellektuele houdings.

(3) Faktore wat houdings vorm.

Elke mens openbaar 'n gedragspatroon wat kenmerkend van homself of van sy gemeenskap is. Waarom het 'n sekere mens 'n besondere houding? Waar sal gesoek word na die oorsake van hierdie houdings? Hoe gebeur dit dat sommige mense 'n liberale houding het, ander 'n konserwatiewe, sommige 'n godsdienstige ander 'n ateïstiese en dat party mense 'n gunstige of ongunstige houding teenoor 'n sekere mens of houdingsobjek openbaar?

G.W. Allport²⁾ bied die volgende moontlike oorsake vir die vorming van houdings:

(a) Integrasie, d.w.s. die ontwikkeling van 'n houding uit 'n groot aantal ervarings waarvan elkeen die individu in dieselfde rigting beïnvloed. Die onvermoë om probleme in rekenkunde op te los laat 'n ongunstige houding teenoor rekenkunde ontwikkel, veral as die onvermoë oor 'n lang tydperk strek;

1) Dewey en Humber: The development of human behavior, 209.

2) Allport G.W.: Handbook of social psychology (Ed.)
C. Murchison, 810-811.

- (b) Differensiasie: Dit is die naam wat Allport gee aan die afsplitsing van een houding uit 'n ander meer algemene houding. Omdat 'n sekere leerling nie van die skool hou nie, hou hy ook nie van Wiskunde of Geskiedenis nie;
- (c) Skok: 'n Ervaring wat buitengewoon en besonder pynlik is, kan 'n sekere houding tot gevolg hê. So ontwikkel 'n ongunstige houding teenoor 'n tandarts, as gevolg van die pyn wat ervaar is met die trek van die tand;
- (d) Aanvaarding: Die individu aanvaar eenvoudig die houdings van die ouers en vriende, omdat hulle aan dieselfde kultuurgroep behoort.

Murphy, Murphy en Newcomb¹⁾ vind die volgende as oorsake vir die vorming van houdings;

- (a) Persoonlike karaktereienskappe soos geslag, ouderdom, intelligensie, spierkoördinasie, uithoudingsvermoë, onderworpenheid aan die invloed van die meerderheid;
- (b) Eksperimentele invloed: Wanneer 'n doelbewuste poging aangewend word om bv. in die skool sekere houdings met die oog op eksperimentele navorsing te verander, sal daar heel moontlik wysigings in die houdings voorkom;
- (c) Ondervinding: Hier bedoel die skrywers die alledaagse ervarings wat 'n mens in sy samelewingsverband ondervind wat veranderend en vormend op hom inwerk.

Om saam te vat en te veralgemeen, kan dit gestel word dat daar twee groepe faktore is wat houdings bepaal, nl. personality differences on the one hand and ... social institutions on the other."²⁾ Die persoonlikheidsverskille veroorsaak die verskille in houdings van mense binne 'n groep, terwyl die sosiale instellings die verskille tussen groepe veroorsaak.

1) Murphy G., Murphy L. and Newcomb T.M.: Experimental Social psychology, 912-1046.

2) Remmers: Introduction to opinion and attitude measurement, 173.

(4) Kultuur en houdings

'n Mens se houdings in sy sosiale omgewing, d.w.s. sy toestand van gereedheid tot handeling, ontstaan uit die waardes, oortuigings en gewoontes wat algemeen in sy besondere kultuuromgewing bestaan.

Die kultuur self bestaan weer uit die gedragspatrone, houdings en waardes waaraan die gemeenskap deel het en wat so deur hulle oorgedra word. So beskryf die antropoloog, Ralph Linton¹⁾, kultuur. Antropologiese studies dui aan dat verskillende gemeenskappe dieselfde lewensprobleme verskillend oplos. Elk reken dat sy metode van oplossing die beste is. 'n Kultuurpatroon word gevorm deurdat die groot meerderheid van 'n gemeenskap 'n gemeenskaplike gedragspatroon openbaar. Dit sluit natuurlik nie individuele verskille uit nie.

Antropoloë verskil onder mekaar en selfs hulle is nie seker wat al die faktore is wat 'n kultuur bepaal nie. Die lewensomstandighede, d.w.s. die hoeveelheid beskikbare voedsel, natuurlike hulpbronne, klimaatomstandighede en ander faktore is in elk geval belangrik in kultuurvorming. Veranderinge wat in bogenoemde intree, sal dus noodwendig 'n verandering in die kultuur meebring. Groot veranderinge in natuurlike hulpbronne en uitvindings wat die lewenstandaard van 'n volk ingrypend ophef, sal noodwendig die kultuur verander. "Today technology is stepping up the pace of cultural change, and even the most remote societies have had to yield in some measure to the force of its impact "²⁾ Saam met hierdie tegnologiese ontwikkelings is nuwe ideologieë moontlik die belangrikste faktore wat kultuurveranderinge teweegbring. Die kultuurveranderinge wat kommunisme in Rusland of in Sjina teweeggebring het, is goeie voorbeelde hiervan. In alle gevalle vind kultuurveranderinge stadig plaas.

1) Morgan C.T.: Introduction to psychology, 500.

2) Ibid., 502.

Min mense is werklik bewus van die kultuurpatroon waarin hul leef. Vandat die baba gebore is, word sy gedrag gevorm deur die kultuur. Daarom is die mens eintlik onbewus van die mate waarin die kultuur aan sy gewoontes, waardes, houdings en gedrag gestalte gegee het. Dit is ook kenmerkend van die kultuur van 'n volk dat elke lid van die volk nie deel het aan die hele kultuur nie. In elke volk is daar seksies wat groepe vorm en daardeur ontstaan 'n subkultuur. Voorbeelde hiervan is die subkultuur van 'n plattelandse boerderybevolking, wat baie verskil van die kenmerkende stadskultuur van 'n nywerheidsentrum. Wanneer hierdie kultuurgrense oortree word, moet die individu die gewoontes, waardes en houdings wat hy van kleinsaf aangekweek het, oorboord gooi en die van die nuwe kultuur aanleer.

In elke kultuur is daar ook 'n besondere sosiale struktuur. Hierdie struktuur verwag van sekere mense om 'n bepaalde werk te doen en van andere om 'n ander beroep te beoefen. Daar is skoenmakers, spoorwegwerkers, predikante, mediese praktisyns en mense van ander beroepe. Van elkeen en sy familie word sekere oortuigings, houdings en 'n besondere gedragspatroon verwag.

Verskillende mense het ook 'n verskillende status. In beroepsverband, familieverband en sosiale verband het verskillende mense elk 'n rol wat vervul moet word in die status wat hy beklee. Hierdie rol vereis weer besondere oortuigings, houdings en 'n bepaalde gedragspatroon.

Een van die belangrikste faktore waaraan die kultuur van 'n volk of gemeenskap geken kan word, is juis die houding van die individu teenoor 'n hele reeks kontensieuse sake. Sy toestand van gereedheid om met 'n verwagte, doelgerigte handeling voor die dag te kom tipeer sy houding juis as kenmerkend van die kultuur. Aan die anderkant is dit weer die kultuur wat verantwoordelik is vir die tot

standkoming van hierdie houding.

Die waardes van die kultuur is relatief tot die plek en omstandighede. Lewenswyses wat aan die orde van die dag is vir een kultuur, mag skokkend wees vir 'n ander kultuur. „In one culture it is proper to kill your grandmother; in another one may torture animals if one likes.“¹⁾ Hierdie voorbeeld mag uiterstes aantoon, maar dit is in alle gevalle waar dat gedragstandaarde deur gewoontes vasgelê word en waardes ook so aangeleer word. „Right is what you have been taught.“²⁾

Dit kan nie so maklik bewys word wat die onderliggende oorsake van kultuurveranderinge is nie. Wanneer kultuurveranderinge, soos die industriële rewolusie, beskou word, is daar baie aanleidende oorsake waar die een die gevolg van die ander is. Dit is egter seker dat hierdie veranderinge „would not have come about if not for the tremendous role of the feeling of injustice by those who were oppressed and even by some who profited from existing exploitation.“³⁾ Hierdie idee van veronregting het hoër lone, korter werksure en beter werksomstandighede tot gevolg gehad. Hieruit het die tegniese ontwikkelings gekom watal gaandeweg verbeter is en steeds nuwe eise aan die veranderinge van kultuur gestel het. Die veranderinge is ook steeds die geleentheid om nuwe waardes te formuleer wat vroeër miskien nie so gesien kon word nie. Onder nuwe omstandighede sien mense geleenthede om hulle lewensomstandighede te verbeter en waardes te bereik wat vroeër nie besef is nie. Kultuurveranderinge word dan gesien „as the necessary consequence of permanent human tendencies coming to expression under particular conditions.“⁴⁾

1) Allport G.W.: The nature of prejudice, 115.

2) Idem.

3) Asch S.E.: Social psychology, 381.

4) Idem.

Hierdie dieperliggende neigings wat by die mens bestaan, skyn dus vir die sosiale sielkundige die oorsaak te wees van voortdurende kultuurveranderinge wat plaasvind, hoe stadig dit ook mag geskied. In hierdie veranderende kultuur is daar op elke stadium bepaalde motiewe, belange, waardes en oortuigings wat bepaalde houdings tot gevolg het. In 'n studie van houdings is 'n kennis van die kultuuragtergrond baie belangrik.

(5) Oortuigings, waardes en begrippe vorm houdings.

(a) Oortuigings en houdings.

Die toestand van gereedheid tot handeling met betrekking tot 'n prikkel, sal 'n mens alleenlik verkry as hy iets omtrent daardie prikkel weet. Hierdie kennis moet by hom 'n vaste oortuiging wees. 'n Oortuiging is die aanvaarding van 'n bewering of stelling. Die oortuigings is baie nou verbonde aan houdings, maar alle kennisoortuigings impliseer nie noodwendig houdings nie. So is my oortuigings bv. ten opsigte van die tyd wat die son opkom en ondergaan, nie noodwendig verbind aan 'n houding nie. Alle houdings is egter gebind aan oortuigings.

Baie oortuigings wat 'n mens het, word deur sy kultuur en die van sy ouers en vriende oorgedra. Die ouers is meer direk onder die invloed van die kultuur as die kinders. Die kinders aanvaar die gesaghebbende (vir hulle) oortuigings van hulle ouers. Die ouers wend ook doelbewus pogings aan om hulle kinders te oortuig van die dinge waarvan hulle oortuig is. Die gevolg is ook deur navorsing bewys nl. „that the attitudes and beliefs of the child tend to correlate with those of his parents.“¹⁾

1) Morgan C.T.: Introduction to psychology, 532.

As gevolg van die invloed van ouers op kinders kom dit in die praktyk daarop neer dat „a man is born into his political party almost to the same extent that he may be regarded as being born into the membership of his church“¹⁾ So berus die oortuigings van jong mense en selfs van volwassenes dikwels op informasie waarna hulle nie gesoek het nie, maar wat hulle sonder meer aanvaar. Hulle houdings sal dus hiermee ooreenstem.

Wanneer 'n mens na informasie soek om tot oortuigings te kom, is dit nie altyd geredelik beskikbaar nie. Daarom word gesoek na iemand wat met gesag informasie kan meedeel. So 'n gesaghebbende is ook nie maklik te vinde nie, want dit sal altyd vir enige mens moeilik wees om alle informasie objektief mee te deel.

Die proses van voortdurende organisasie van kennisinhoud, sodat meer oortuigings kan ontstaan, is fundamenteel aan die bestaan van die mens verbonde. „Frequently and almost necessarily as we shall see, these beliefs and attitudes fail to check with objective facts, but nevertheless the process of organization and reorganization goes on to establish beliefs and to change them.“²⁾ Dit beteken dus dat die mens alle kennis voortdurend organiseer tot 'n geheel wat hy interpreteer en wat vir hom op daardie stadium 'n oortuiging is. Die gevolg is vooroordeel wat maklik intree. Dit is egter moontlik om die vooroordeel reg te stel wanneer meer kennis beskikbaar word. Oortuigings wat vasgewortel is as gevolg van die invloed van die breë of subkultuur, bring ook gevestigde houdings mee. Om hierdie houdings te verander is baie moeilik, „because they (attitudes and beliefs) have a way of resisting change and preserving themselves once they have been well formed.“³⁾

1) Morgan C.T.: Introduction to psychology, 533.

2) Kuhlen: The psychology of adolescent development, 153.

3) Morgan C.T.: Introduction to psychology, 539.

Hierdie weerstand wat teen veranderinge van oortuigings en houdings gebied word, verhoed nie dat die oortuigings en houdings tog verander kan word nie o.a. deur die voortdurende aanslag van propaganda. Propaganda is 'n doelbewuste poging wat aangewend word om die oortuigings en houdings van mense te verander. Leonard W. Doob beskryf propaganda „as a systematic attempt to control people's attitudes, hence their actions, by suggestion.¹⁾ Onderwys en propaganda kan nie altyd maklik van mekaar geskei word nie. Die verskil kom hierin: „... an educator tries to produce an open mind, a propagandist strives for a closed mind - closed that is, to everything but his message.“²⁾ Navorsing en die praktyk bewys dat opinies, oortuigings en houdings wel deur propaganda verander kan word, maar „if persons already have strong feelings about a question it is harder for a propagandist to change them.“³⁾

Oortuigings kan baie van mekaar verskil. Sommige oortuigings word deur aanpassing aan die gewoontes van die omgewing aanvaar. Andere word gevorm uit die veralgemening van kennisinhoud. Vooroordele berus hoofsaaklik op valse oortuigings. Daarom sê Allport: „Contacts that bring knowledge and acquaintance are likely to engender sounder beliefs concerning minority groups, and for this reason contribute to the reduction of prejudice.“⁴⁾

Die bybring van feite wat in stryd is met die oortuigings, kan velerlei reaksies hê. Dit is seker dat 'n mens sy vaste oortuigings nie maklik wysig of oorboord gooi nie. Sodra iemand botsende feite onder oë kry, moet hy 'n houding daarteenoor inneem. Die houding bring mee

1) Sargent S.: Great psychologists, 288.

2) Idem.

3) Idem.

4) Allport G.W.: The nature of prejudice, 268.

dat die feite so geïnterpreteer word, dat die botsende element verwyder word. Die volgende moontlikhede¹⁾ kom in die verband voor:

- (i) Die feit word verwerp vanweë sy onbetroubaarheid. In die verband kan die bron as onbetroubaar bestempel word, of die egtheid van die feit self ontken word;
- (ii) Die betekenis van die feit kan so vertolk word, dat dit die bestaande oortuiging nie meer bedreig nie. Die feit kan beskou word as (a) buite verband of verouderd (b) 'n uitsondering (c) 'n bepaalde betekenis wat nie met die houding bots nie. In hierdie gevalle word die feite aanvaar, maar die oortuiging en die houding verander nie;
- (iii) Dit is ook 'n kenmerkende eienskap van houdings om na feite te soek wat met die oortuigings ooreenstem, en om die te vermy wat met die oortuigings bots.

Houdings is in 'n baie groot mate gegrond op oortuigings. Hierdie oortuigings en gevolglik ook die houdings, soos bv. vooroordeel, kan gewysig of heeltemal verander word onder die invloed van oortuigende feite. Die mens verander sy oortuigings nie graag nie. Daarom word feite dikwels anders vertolk om nie van die gevestigde oortuigings en verwante houdings af te sien nie. Die oortuigings kan deur die kultuurinvloed of deur die opvoedingsinvloede van die ouers aanvaar word. Die oortuigings kan ook deur begrippe gevorm word. Hierdie begrippe bestaan uit objektiewe feite wat tot die intellek spreek. Al hierdie verskillende oortuigings bring die mens in 'n toestand van gereedheid tot 'n bepaalde soort handeling.

1) Asch S.E.: Social psychology, 583.

(b) Waardes en houdings.

In die negentiende eeu is daar 'n begin gemaak om te onderskei tussen die Natuurwetenskappe en die Geesteswetenskappe, elk met sy eie kenmetode. So kan daar ook onderskei word tussen die natuurwetenskaplike- en die geesteswetenskaplike psigologie. Die natuurwetenskaplike psigologie is gerig op die elemente, pas die kousaal-verklarende metode toe en berus op eksperiment en meting. Die geesteswetenskaplike psigologie is gerig op die totaliteitstruktuur van die siel, pas die „verstehende” metode toe en heg baie minder waarde aan eksperiment en meting.

Dilthey, maar veral Spranger, het 'n groot stoot aan die geesteswetenskaplike psigologie gegee. Die verstaan of begryp van die gedrag van 'n individu veronderstel dat die gedrag by 'n bepaalde waardegebied inpas. Die persoonlikheid word gevorm deur die belewing en nastreef van waardes. Hierdie waardes rig al die individuele houdings, gedragssuitinge, denke gevoel en wil. Om die mens te kan begryp, is dit nodig om sy waardesisteen te leer ken.

Spranger se psigologie is kultuurpsigologies. Hy onderskei ses kultuurwaardes, nl. teoretiese-, ekonomiese-, estetiese-, sosiale-, mags-, en religieuse waardes. Deur aanleg en omgewingsinvloede verskil elke individuele struktuur van die van 'n ander. So ontstaan daar by elke mens 'n individuele waardesisteen. Terwyl al die kultuurwaardes teenwoordig is, is daar gewoonlik een wat domineer. Elke mens sal dus 'n bepaalde rangorde van waardes hê. Vir die Christen sal die religieuse waarde voorrang geniet. In die middelpunt van die Christelike geloof staan Christus wat gekom het om sondaars tot bekering te bring. Vir die humanis sal 'n ander waarde bo-aan sy rangorde van waardes staan.

Die estetiese mens seek na estetiese bevrediging. Sy houding is individualisties en kan dus nie in 'n gemeenskap opgaan nie. Die magsmens is ingestel op die verkryging van mag. Die wetenskap, beskawing, ekonomie, religie en alle ander dinge het slegs vir hom waarde wanneer dit sy mag uitbrei. Die kenmerkende houding is dat hy wil heers en dat hy gedien wil word. Hier word radikale gevalle genoem, maar die waardes kom saam voor, sodat daar met reg van 'n rangorde van waardes gepraat kan word.

In sommige omgewings word 'n sekere subkultuur gehandhaaf. In so 'n subkultuur word 'n besondere rangorde van waardes aangetref waaraan die individu vashou. Op elke terrein word houdings deur die waardes van die individu bepaal. Dikwels is dit behoeftes en nie die geestelike of religieuse nie, wat die hoogste waardes aandui. Baie waardes word by die jong mens deur gewoontes gevorm.

'n Mens leef vir sy waardes. Hy dink nie voortdurend daaraan nie; hy oorweeg selde die konsekwensies daarvan. Hy beleef en verdedig dit. "So important are the value categories that evidence and reason are ordinarily forced to conform to them."¹⁾ Die gevolg is dat die mens dikwels deur swak argumente daardie instansies soos sy huis of omgewing verdedig. Hierdie "love-prejudice", soos Spinoza dit noem, bestaan daarin dat so 'n mens "is feeling about anyone through love more than is right." Die teenkant is netso belangrik nl. "feeling about anyone through hate less than is right."²⁾ Hier is 'n aanduiding van die invloed van waardebepalings op houdings. Die gevestigde waarde bring by die individu 'n vooruitbeoordeling, in ooreenstemming met die waarde, wat heel moeilik

1) Allport G.W.: The nature of prejudice, 25.

2) Idem.

deur feite verander word. Waardes kan nie by 'n mens deur vrees of beloning ingeskerp word nie, want vrees sluit by straf in wat nie juis tot hoogagting lei nie.

"It is understandable that rewards and punishments produce desire and fear, but there is no way of seeing how they can produce the experience of 'should'." ¹⁾ By ouers wat reeds in 'n sekere subkultuur gevestig is word daardie waardes aan die kinders oorgedra deur die beskrywing van die bepaalde dade of dinge as „goed" of „sleg". Burrow stel dit met 'n aansienlike mate van kritiek, soos dit hierna volg. Dit gee in elk geval 'n aanduiding van hoe waardes van hierdie aard by die kind deur gewoonte gevestig kan word. „The attitude of the parent is one that says to the child: There is something in this world called 'good' and 'bad', 'right' and 'wrong' that is not susceptible of objective verification. ... You must assimilate this mood of rightness that is mine and the community's and in this way you will enter into a system of customs and beliefs which will henceforth regulate your interrelational conduct and furnish a norm of social behavior." ²⁾ Burrow het beginselbeswaar dat die kinders geleer moet word om dieselfde waardes as die ouers aan te neem en daarom stel hy dit so sterk. Hier is nietemin 'n groot element van waarheid in dat die kind op 'n soortgelyke wyse die waardes aanvaar wat die gemeenskap huldig.

Die siel van die mens het 'n doelstrewende funksie. Dit is gerig op die verwesenliking van lewenswaardes, ideale en norme. Die handeling, denke, gevoel en wil moet nie uit bepaalde oorsake verklaar word nie, maar dit moet verstaan of begryp word met betrekking tot

1) Asch S.E.L. Social psychology, 356.

2) Burrow T.: Science and man's behavior, 38-39.

die waardes en ideale. Die handhawing van bepaalde waardes wat hulle nou ookal mag wees, sal houdings te voorskyn roep wat kenmerkende gedragswyses meebring.

(c) Begrippe en houdings.

Die kind begin op 'n vroeë stadium in sy lewe begrippe vorm. 'n Begrip is die gemeenskaplike eienskap van 'n aantal verskillende voorwerpe of voorvalle. Alhoewel daar 'n geweldige verskeidenheid stoele bestaan, beskik elkeen oor die eienskap wat dit as stoel kenmerk. Dieselfde gebeur met al die begrippe in verband met voorwerpe. Die begrip by verskynsels is ook die gemeenskaplike eienskap wat kenmerkend is by al die betrokke verskynsels. Die mens is ook voortdurend besig om die kennis wat hy inwin te veralgemeen d.w.s. om gemeenskaplike eienskappe te soek of te wel begrippe te vorm. „All the day's happenings are interpreted and acted upon only after being screened through one's system of concepts, one's ideologies and one's previously organized expectations of the world.”¹⁾

Begripsvorming is 'n essensiële deel van die leerproses. Met die vorming van begrippe uit kennisinhoud ontwikkel oortuigings. Hierdie oortuigings ontstaan uit die versameling van intellektuele kennis. Die oortuigings berei die individu voor vir gerigte handeling.

Tydens die leerproses ondergaan die leerling se gedrag 'n verandering. Die gedragspatrone sluit betekenisinhoud, feite, vermoëns, vaardighede en houdings in, alles geïntegreer om oor die algemeen aan 'n reaksie deel te neem. Wanneer iemand besig is om te leer, kan gesê word „learning is a change in the individual, due to inter-

1) Johnson D.M.: Essentials of psychology, 182.

action of that individual and his environment, which fills a need and makes him more capable of dealing adequately with his environment."¹⁾ Die werklike leerproses geskied die beste tydens ervaring. Daardeur word losstaande feite beter georganiseer om begrippe en oortuigings te vorm wat die houding bepaal. Kritiese dinkgewoontes wat deel vorm van die intellektuele houding, het heelwat onderrig en ervaring of oefening nodig. Hierdie dinkgewoontes is noodsaaklik vir die vorming van goeie begrippe wat noodwendig weer die houdings bepaal.

Begrippe speel 'n belangrike rol in die keninhoud van die mens. Die bruikbare kennis bestaan in werklikheid uit begrippe. Hier moet noodwendig onderskei word tussen die begrippe wat die gewone mens vorm (common-sense concepts) en wetenskaplike begrippe. Die verskil daartussen bestaan in die metode van noukeurige kontrole wat die wetenskaplike aanwend om sy begrippe te vorm, sodat hy sy besondere studieveld beter kan verstaan. Die gewone mens 'erf' begrippe van sy ouers se kultuur en aanvaar hulle sonder kritiek. "Common-sense concepts refers to what is sensed, instead of what is acutely analyzed ... they are more a matter of feeling, than of logical discernment."²⁾ "Common-sense" begrippe het gewoonlik betrekking op absolute waardes, terwyl wetenskaplike begrippe relatiewe waardes het wat in onderlinge verband staan met die natuurverskynsels. Die gewone mens, sowel as die wetenskaplike, maak gebruik van begrippe om die waarneembare dinge w.o. die gedrag van die mens te verklaar.

Die individu handel in ooreenstemming met sy motiewe wanneer hy 'n poging aanwend om sy probleme op te los of die spannings in sy lewe te verminder. Om die mens

1) Burton W.H.: The guidance of learning activities, 13.

2) Dewey and Humber: The development of human behavior, 3.

se gedrag te kan verstaan, is dit dus ook nodig om kennis te dra van sy begrippe van die sosiale gedrag. Die „common-sense“- of voorwetenskaplike begrippe in die middeleeue het die mens laat vlug na toordokters en duiwelbesweerders om sy probleme op te los. Die wetenskaplike begrippe en wetenskaplike houding het hom gelei tot kritiese beskouing van gegewens, sodat die wetenskaplike begrippe gelei het tot 'n gedrag wat bygeloof uitgeskakel het, sodat toorkuns uitgesterf het. Hierdie houding om te soek na wetenskaplike begrippe is die intellektuele of wetenskaplike houding. „Intellectual attitudes are in truth concepts.“¹⁾ Gevestigde en diep gewortelde voorwetenskaplike begrippe is gunstig vir 'n gedrag tipies van 'n emosionele houding. Sulke voorwetenskaplike begrippe bemoeilik ook 'n intellektuele houding, omdat 'n mens gevestigde begrippe en oortuigings nie maklik oorboord gooi nie.

Die wetenskaplike metode maak gebruik van induksie. Hy redeneer van besondere gevalle na 'n hele groep d.w.s. van die konkrete na die veralgemening. Deur induksie word 'n voorlopige begrip gevorm. Dit word voortdurend getoets aan meer beskikbare feite om teenstrydighede in die veralgemening uit te wys. Hy is bereid om selfs by 'n later geleentheid sy veralgemening te wysig as feite dit vereis. Om op hierdie wyse te kan voortgaan, is 'n besondere toestand van gereedheid nl. die intellektuele of natuurwetenskaplike houding nodig. Begrippe wat op hierdie manier gevorm word, dien as die oortuigings wat nodig is vir die verdere vorming van houdings.

1) Dewey and Humber: The development of human behavior, 210.

D. Persoonlikheidseienskappe en houdings.

By die waarneming van die verskille in houdings tussen individue, kan die aandag ook gevestig word op die verskil in persoonlikheidskenmerke wat moontlik verantwoordelik kan wees vir die verskil in houdings. Daar is weinig navorsing op die gebied. "... there are few investigations in which data concerning both attitudes and personality are to be found."¹⁾ Veel kan dus nie op hierdie terrein verwag word nie, maar aanduidings van graadsverskille is tog van belang, aangesien dit die individu waarskynlik minder of meer gereed sal maak vir 'n handeling. Hierdie toestand van gereedheid tot handeling tipeer juis die houding van 'n mens.

(1) Geslagsverskille

Navorsing wat op verskeie plekke sporadies uitgevoer is t o v. verskillende geslagte se houdings, dui aan dat vroue effens meer godsdienstig is as mans, 'n gunstiger houding teenoor die kerk openbaar en in 'n sekere ondersoek²⁾ is gevind dat vrouens meer konserwatief as mans is met betrekking tot die politiek, ekonomie en godsdiens.

Hierdie verskille is baie moeilik om te bepaal. Onderzoek tot op hierdie tydstip (1937) toon aan dat die verskille wat merkbaar is, "are the result, not of biological but of cultural factors ... this means that sex differences will be a function not only of age, economic status, geographical section, political and religious affiliation etc. but also of the time at which the investigation happens to be made."³⁾

1) Murphy, Murphy en Newcomb: Experimental social social psychology, 914.

2) Ibid., 916.

3) Ibid., 918.

In hierdie soort navorsing is die probleem om identiese groepe te kry wat net ten opsigte van die geslagte verskil.

(2) Ouderdomsverskille.

Verskeie toetse is uitgevoer om verskil in houdings tussen groepe met ouderdomsverskille te bepaal. Die resultaat toon ongeveer dieselfde as die met betrekking tot geslagsverskille. Die toetse dui aan dat daar 'n sterk verwantskap met kultuurinvloede is. Ouer mense toon 'n neiging om 'n meer konserwatiewe houding te openbaar. Die verklaring lê daarin dat „the groups and institutions with which they are identified are more likely to date from a previous generation.”¹⁾ Dit is dus hier ook weer die kultuurveranderinge wat verantwoordelik is vir die skynbare houdingsverskille wat by verskillende ouderdomsgroepe aangetref word.

(3) Intelligensieverskille.

Uit die kennis van die invloed van die kultuur op die vorming van houdings, kan verwag word dat intellekverskille nie so 'n groot invloed op houdings as kultuurverskille sal toon nie.

Harper se toets wat godsdienstige, politieke, sosiale en ekonomiese radikalisme meet, toon 'n klein positiewe korrelasie met intelligensie.²⁾ Terwyl dit so skyn te wees, word die volgende verklaring hiervoor aangebied. „But to whatever degree this is true, the facts remain that interests provide the soil without which attitudes do not develop.”³⁾ Neem ons hier in aanmerking dat

1) Murphy, Murphy en Newcomb: Experimental social psychology, 928.

2) Ibid., 931.

3) Ibid., 932.

'n mens se intelligensie so belangrik is vir sy vorming van begrippe, asook vir die aard van dinge waarin hy belang sal stel, sal dit noodwendig sy oortuigings moet beïnvloed. Terwyl oortuigings die basis is waarop houdings ontstaan, kan ons nie anders nie as om op grond hiervan te verwag dat intelligensie 'n mens se houdings sal beïnvloed. Dit is waarskynlik nie die invloed wat die intelligensie direk op die vorming van houdings het nie, maar indirek deur die faktore te beïnvloed waaruit houdings ontstaan.

E. Verandering van houdings.

Verandering van houdings beteken eintlik dat met die bestaande houding gebreek moet word en dat nuwes aangeleer moet word. Dit kom dus eintlik neer op die aanleer van nuwe houdings. Dieselfde faktore wat daar oorweeg word, is dus ook hier ter sake. Die mens se persoonlikheid en sy omgewing moet dus oorweeg word.

Die houdings wat reeds gevestig is, verander nie so maklik wanneer nuwe kennis verkry word nie. Die redes wat daarvoor aangegee word¹⁾, is (1) 'n mens interpreteer informasie selektief. Feite wat met sekere oortuigings ooreenstem, word oorbeklemtoon en botsende informasie word bevooroordeel vertolk. (2) Informasie wat die houding kan verander, word vermy en (3) 'n mens sal sosiale druk weerstaan om by jou oortuigings en houdings te wil bly.

Daar word voortdurend pogings aangewend om mense se houdings te verander. Die vernaamste middele wat hiervoor aangewend word, is opvoeding, onderwys en propaganda. Propaganda is een van die magtigste wapens wat deur politici en die advertensiewese gebruik word. Dit kan gebruik word om oortuigings en houdings te wysig om ooreen te stem met objektiewe feite of om verder van die feite af weg te

1) Morgan C.T.: Introduction to psychology, 539.

beweeg. Die propagandis probeer gewoonlik om houdings so te wysig, dat hulle met sy doeleindes ooreenstem. Hier-voor word dan gewoonlik gebruik gemaak van emosioneel-belaaide woorde, suggesties en oorbeklemtoning van sekere besondere behoeftes van die mens. Objektiewe feite word selde alleen gebruik.

Aangesien 'n mens se oortuigings en houdings binne sy kultuurverband gevorm word, sal kultuurveranderinge en veranderinge in lewenstoestande beskou word. Hierdie kultuurveranderinge bring veranderinge in insig, asook werklik nuwe behoeftes. Die nuwe behoeftes en eise het tot gevolg dat nuwe waardebepalings na vore kom, wat nuwe oortuigings en dus ook houdings tot gevolg het. "..... changes in technology or group alignments pose problems that demand new situations."¹⁾ Dit was die toestand tydens die Industriële Rewolusie in Engeland en in die huidige tyd vind aansienlike waarde- en kultuurveranderings onder aanslag van die tegnologiese ontwikkelings plaas.

Sommige navorsers kon aantoon dat duidelikwaar-neembare veranderings in houdings tydens hulle toetse voorgekom het. Ander kon weer geen besliste veranderings in die houdings van die proefpersone opmerk nie. 'n Moontlike rede vir die verskil in waarneming is die on-vermoë van die toetssamestellers om te onderskei tussen emosionele en intellektuele houdings.²⁾ In plek daarvan om die eie probleme subjektief te oorweeg en dit herhaal-delik deur die persoon se eie gedagtes te laat maal, bring bespreking van probleme gewoonlik 'n beter begrip. "In telling his problems to someone else he must be logical ... He has new insights, new associations and new attitudes toward it."³⁾ Voorligtingsbeamptes het dus ondervind dat

1) Asch S.E.: Social psychology, 589.

2) Dewey & Humber: The development of human behavior, 157.

3) McKinney F.: Psychology of personal adjustment, 237.

die houding van studente teenoor hulle probleme aansienlik verander, wanneer hulle dit logies met die voorligter bespreek. Hierdie houdings wat so emosioneel sterk gelaai is, moet in werklikheid eers „ontlaai“ word, voordat daar nuwe oortuigings kan kom wat die individu nuwe houdings kan laat vorm. Deur bespreking word logiese verbande gesien.

Intellektuele houdings dui aan hoe die mens fungeer wanneer hy beïnvloed word deur objektiewe feitekennis. Die objektiewe feitekennis word voortdurend aangevul en kan selfs verander wanneer voldoende nuwe feite beskikbaar word. Ingesluit by die objektiewe kennis, is dus altyd die moontlikheid van meer kennis, sodat finaliteit, in die breër sin gesien, nie bereik kan word, voordat alle moontlike feite in ag geneem is nie. Die houdings van 'n mens kan nie maklik afgebaken word nie. Daar is die suiwer intellektuele houdings wat deur objektiewe feite gevorm word en telkens sal verander wanneer nuwe oortuigende feite aan die lig kom. In teenstelling hiermee is daardie suiwer emosionele houdings wat dikwels onbewus deur kultuurinvloede gevorm word. Hierdie emosionele houdings kan baie moeilik verander deur 'n aantal objektiewe feite. Die hele waardestruktuur van die individu en sy gemeenskap moet ook eers in die teken van verandering staan. Tussen hierdie twee uiterstes is houdings wat gevorm word deur objektiewe feite sowel as deur die emosies.

“Attitudes could be classified on a continuum that runs from purely intellectual attitudes, through those attitudes which are emotionally re-enforced intellectual attitudes, to attitudes which for all intents and purposes are purely emotional.”¹⁾ Die grootste probleme van die veranderinge van houdings is op die terrein van die suiwer emosionele. Dit is makliker om 'n mens se houding teenoor

1) Dewey & Humber: The development of human behavior, 157.

'n besondere soort motor te wysig, aangesien die hoogagting of minagting op betreklike waardes berus, as om 'n mens se vrees vir slange te verander. Die vrees vir slange is 'n tipe van emosionele houdings, terwyl die minagting vir die motor 'n tipe is van die emosioneel versterkte intellektuele houdings.

In die onderwys word getrag om feite aan die leerling mee te deel. Dit is objektiewe feite wat die kind deur aandagskonsentrasie moet ontvang, vertolk en rangskik om dit dan vir hom tot begrippe te herlei. „In education we try to emphasize the facts“¹⁾, maar hierdie feite word deur 'n onderwyser aan die leerling verduidelik. Hier het die onderwyser 'n geleentheid om die feite deur sy bril van vooroordeel of partydigheid te kleur. Die onderwyser sal dus nie noodwendig objektiewe feite aan die leerling meedeel nie. Die hoofsaak van die onderwys is die meedeling van kennis, objektiewe kennis, aan die leerlinge. „The educational process is largely a process of acquiring and changing intellectual attitudes.“²⁾

Dit is dus eintlik die intellektuele houdings wat deur die verkryging van objektiewe feitekennis moet verander. Die feitekennis behoort tot 'n groot mate deur die onderwyser verskaf te word. Dit is nie slegs die suiwer intellektuele houdings nie, maar ook emosioneel-versterkte intellektuele houdings wat deur die objektiewe feite redelik maklik gewysig kan word. Emosionele houdings verander moeilik. Dit geskied gewoonlik ook stadig, saam met kultuurveranderings of onder die aanslag van propaganda wat emosioneel belaaie is.

1) Morgan: Introduction to psychology, 541.

2) Dewey & Humber: The development of human behavior, 157

F. Die gevoel en houdings.

Die gevoel kan kortliks omskryf word as die natuurlike spontane reaksie op die werklikheid op grond van 'n onmiddellike positiewe of negatiewe waardering.¹⁾

Twee van die mees algemeen erkende modaliteite van die gevoel is stemming en emosies. Stemming skyn nou verbind te wees aan die strewingslewe. Die bevrediging van strewinge soos wat ervaar word met sukses, roem, eer, waardering wek gunstige stemminge. Verlies hiervan wat dus stemming van die strewing meebring, het die teenoorgestelde uitwerking. In die reël word stemming onderskei in bestaan, tussen die pole van opgewektheid en neerslagtigheid. Hiervolgens is daar beslis ook 'n derde pool nl. die van onverskillige neutraliteit.

Sodra 'n bepaalde stemming aanwesig is, oefen dit 'n kragtige invloed op die ander geestesfunksies uit. Onder die invloed van 'n neerslagtige stemming, is dit moeilik om te dink en te handel, selfs die sonskyn en die veld hinder. Alles om die individu is eintlik in half-donker gehul. Hierdie toestand word gekenmerk deur treurigheid, ontevredenheid, ergernis en verveeldheid. Die stemming bepaal noodwendig die gereedheid of dan wel die traagheid van die individu tot handeling, afgesien van die situasie ten opsigte waarvan die individu handelend behoort op te tree.

Tydens die bestaan van 'n opgewekte stemming, ervaar die individu frisheid, vrolikheid, tevredenheid en hy is gelukkig. Omdat die wêreld om hom lag, word byna elke taak goedsmoeds aangepak en is hy werklik gereed tot handeling. Sy houding word dus deur so 'n stemming gereed gemaak vir daadkragtige, vrolike en geïnspireerde optrede.

1) Kuypers A.: Inleiding in de Zielkunde, 199.

Tussen hierdie uiterstes bestaan die neutraliteitsgevoel wat gekenmerk word deur onverskilligheid en 'n beliste gevoelsarmoede. Terwyl die vorige stemminge die mens juis tot handeling aktiveer of vertraag, bevind die mens hom gedurende die bestaan van die neutraliteitsgevoel in 'n toestand van onverskilligheid en traak-my-nie-agtigheid. In 'n bepaalde situasie sal die mens in hierdie stemming 'n houding openbaar wat gekenmerk word deur gebrek aan handeling.

Sodra 'n mens onder die invloed van 'n emosie verkeer, vertoon sy gedrag nie langer die kenmerk dat dit op die sosiale samesyn afstuur nie. Dit vertoon ~~dis~~organisasie. Die persoonlike aspek is so groot dat dit nie langer die geleentheid tot aangepaste omgang bied nie.

Houding word as begrip deur die sosiaalpsigoloë omlyn. Terwyl die gevoel by uitstek 'n sosiale verskynsel is, word die omgang met mense in 'n bepaalde situasie onder die invloed van 'n emosie, belemmer.

Skrik is 'n oombliklike alarmreaksie wat te voorskyn tree by onverwagte gebeurtenisse wat dreigend ervaar word. Al die liggaamsveranderinge wat hiermee saamgaan, toon aan in watter mate die sosiale kontak plotseling verbreek is. Indien ontspanning nie gou volg nie, gee die skrik gewoonlik aanleiding tot vrees of ang of soms woede.

Angs is die weerlose gevoel teenoor 'n magtige bedreigende instansie wat van betreklik algemene aard is. Angs is ook daardie algemene gevoel van eksistensiële bedreigtheid d.w.s. van die futiliteit en magteloosheid van die bestaan. Vrees word van ang onderskei, deurdat 'n mens 'n vrees vir 'n konkrete objek het.

Skrik, ang en vrees is sterk houdingvormend, omdat hulle aanleiding tot 'n bepaalde gedrag^{sw}wyse gee. Dieselfde geld vir die emosies woede, verdriet en vreugde. Die neiging om emosioneel d.w.s. onder die invloed van een of

ander emosie teenoor mense en dinge te reageer, verklaar ons voorliefdes en die dinge waarin ons 'n afkeer het. Die mens gee voorkeur aan daardie dinge wat hom van tevore genot verskaf het en hy het 'n afkeer in die dinge wat vrees ingeboesem of hom kwaad gemaak het. So kan 'n mens se houding bevrees, vyandig of genoeglik wees. Die houding ontwikkel in terme van al die baie intensiteitsverskille en variasies waarin die mens se gedrag uit die ervaring in talle situasies hom openbaar.

Omdat die houding die mens aktiveer tot, en laat beweeg in die rigting van bevrediging, of in afkeer wegvlug met die implikasies daarvan, bring dit 'n vroeë beoordeelning mee, voordat die feite wat betrekking op die saak het, deeglik oorweeg is. Dikwels lei hierdie vooruitbeoordeelning tot vooroordeel. Die emosionele houdings sluit dus die groep houdings in wat op hierdie wyse aangeleer is, asook die wat deur kultuurinvloed by die kind van kleinsaf gevestig is. Die vernaamste gedragswyse van emosionele (of gevoels-) houdings is dus vooroordeel, hetsy in die guns of onguns van die betrokke prikkels.

G. Vooroordeel as houding.

Die sosiale sielkunde se sfeer van belangstelling is die terrein van menslike verhoudings. Daarom is op hierdie gebied baie navorsing gedoen om mense se houdings te meet teenoor dinge soos kultuurgroepe, rasgroepe, godsdiens e.d.m.

Allport gee 'n verslag van sy uitgebreide studies in verband met vooroordeel. Hy kwalifiseer die strekking van sy benadering as volg: „In this volume, accordingly we shall be concerned chiefly with prejudice against, not with prejudice in favor of, ethnic groups.”¹⁾

1) Allport G.W.: The nature of prejudice, 7.

Remmers¹⁾ gee volledige verslae van die meting van:

- (1) houdings van die gemeenskap teenoor die sake-wêreld, propaganda en advertensie;
- (2) die regering se aanwending van die uitslae van die meting van houdings;
- (3) die houdings van werkers teenoor werksomstandighede in die nywerhede;
- (4) die houdings van mense teenoor mekaar in die verskillende samelewingsverhoudings;
- (5) skoolkinders se houdings teenoor hulle maats, onderwysers voorligters, skool, sport e.a. aangeleenthede.

Hierdie veld van emosionele (of gevoels-) houdings is goed gedek. Navorsing op die terrein gaan voortdurend aan.

Terwyl 'n mens voortdurend besig is om sy kennis te organiseer, begrippe te vorm en tot oortuigings te kom, is die vraag of alle te vroeë beoordelings werklik vooroordeel is. Vir Allport kom die verskil tussen die twee daarop neer dat 'n mens te vroeë beoordelings (prejudgments) kan bespreek en regstel, sonder emosionele weerstand. Die vooroordeel sal aktief weerstand bied teen alle informasie wat dit wil verander. „Prejudgments become prejudices only if they are not reversible when exposed to new knowledge. ... We tend to grow emotional when a prejudice is threatened with contradiction.”²⁾

Aangesien die emosionele houdings gevestig word op grond van oortuigings wat emosioneel gevorm is, vind veranderings op hierdie terrein so moeilik plaas. Dit is hoofsaaklik kultuurveranderinge of emosioneel-belaaide propagandaveldtogte wat die oortuigings inskerp waarop

1) Remmers: Introduction to opinion and attitude measurement.

2) Allport G.W.: The nature of prejudice, 9.

veranderinge van emosionele houdings gevestig is. Onderwys kan deur die meedeling van feite emosionele houdings baie moeilik verander.

H. Samevatting

Die begrip houding word aanvanklik deur die Amerikaanse sosiale psigoloë gebruik. Dit het dus aanvanklik gegaan om die gedrag van die een mens teenoor die ander of teenoor 'n bepaalde bevolkingsgroep. Uit die omlýning van die begrip houding deur die sosiale sielkundiges, kan dit beskou word as 'n aangeleerde en redelik bestendige toestand van gereedheid van die gevoels- en verstandsprosesse, wat 'n neiging tot gerigte handeling toon. Die begrip het wyer toepassing as die sosiale terrein gekry. Dit is die gedrag van die mens wat bestudeer word, maar in die studies is dit nie altyd moontlik om die werklike gedrag waar te neem nie. Dikwels word met vraelyste verwag dat proefpersone in eksperimentele situasies moet aandui wat hulle werklike gedrag in die praktyk sou wees. Hierdie toestand van gereedheid by die mens om op 'n bepaalde manier te handel, is die mens se houding.

Europese sielkundiges het dit juis teen die Engelse en Amerikaanse rigting dat hulle die term houding in sy funksionele betekenis gebruik, sonder dat hulle die begrip wetenskaplik beredeneer. Hiermee ontken hulle nie die groot waarde van die gebruik van so 'n begrip nie. In hierdie verhandeling word 'n poging aangewend tot wetenskaplike verantwoording in verband met die gebruik van die begrip en aanwending daarvan in eksperimentele ondersoek.

Sedert die eerste gebruik van die woord houding het dit in nou verband gestaan met die gevoelsprosesse. In die Engelse literatuur word verwys na „emotional attitudes“, terwyl daarmee in werklikheid meer bedoel word as 'n houding wat slegs deur emosies bepaal word. Eintlik

sou gevoelshoudings duideliker omskrywend as emosionele houding wees. Die „Dictionary of Philosophy and Psychology“ dui aan dat die woord emosie 'n baie wye funksionele betekenis het. „When the word emotion did become current its application was very wide, covering all possible varieties of feeling, except those which are purely sensational in their origin.“¹⁾ Ook die Duitse woordgebruik dui aan dat daar nie duidelik onderskei word tussen die terme nie. Jodl verwys na 'n definisie van emosie en sê dan „... eine scharfe Grenze zwischen Affekt und Gefühl ist nicht gegeben.“²⁾ Terwyl die woord emosionele houding meer as die emosies impliseer en eintlik gevoelshouding behoort te wees, word die term emosionele houding in hierdie proefskrif gebruik. Die term dui aan dat die mens deur oortuigings wat op die gevoelsprosesse berus vir handeling gereed gemaak word. Onder die invloed van die gevoel en veral emosies en stemminge word die mens vir handeling gereed gemaak. Die kenprosesse is net so belangrik by die vorming van die emosionele houding.

Die kultuur met die oortuigings, waardes en begrippe wat gangbaar is, sowel as die persoonlike gesteldheid van die individu, dra daartoe by om die houdings te help vorm. Die verandering van houdings wat onder die invloed van die emosies gevorm word, is baie moeilik, maar dit kan deur opvoeding geskied. In plek daarvan dat 'n mens deur sy gevoel gerig word om houdings te vorm, kan hy ook deur middel van sy intellek oortuig word van 'n bepaalde gedragswyse. In so 'n geval sal 'n mens praat van 'n intellektuele houding. In die volgende hoofstuk word die intellektuele houding onder die soeklig geplaas.

1) Baldwin J.M. (Ed.): Dictionary of philosophy and psychology, 316

2) Jodl Friedrich: Lehrbuch der Psychologie II, 375.